

KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 78 15 Januarie 2016



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Wolk- en vuurkolum

Aan die begin van elke nuwe jaar is daar oral ywer te bespeur. Veral die mense in die stede sien kans vir die uitdagings van die nuwe jaar. Plattelanders is meer somber. Die droogte en die aanslae op ons boere maak dat hulle meer gereserveerd dink en praat oor die nuwe jaar. Tog het hulle ook 'n nuwe doelgerigtheid. Wat maak mens met die nuwe jaar, en wat wens jy ander mense toe? "*n Voorspoedige nuwe jaar?*"

Op die keper beskou, lê hedonisme en 'n misplaasde geloof in voorspoedige vooruitgang aan die wortel van hierdie woorde. Die moderne mens verwag dat dit net goed moet gaan, dat die lewe net geniet moet word.

Voorspoed en vooruitgang is die wagwoorde in die krampdans na plesier. Enige terugslag of struikelblok word gesien as kankeragtig. Hoe kan dit 'n mens na gees ryk maak?

Die opvallende van ons mense is dat ons nie tot nadenke kom in tye van voorspoed nie. Niemand kom tot stilstand en wonder waarom dit so goed met hulle gaan nie.

Nee, dit is teenspoed en rampe wat ons tot stilstand ruk en dan kom ons by die vraag: Waarom moet ek dan ly? Beteken dit dat ons mekaar net rampe moet toewens?

Soos dit is, is ons as mense nie langasems nie. Teen die derde of vierde terugslag is ons gereed om boedel oor te gee. Ons begin die nuwe jaar se wedloop soos die onervare atleet en dan verloor ons langs die pad belangstelling. Is ons langafstand atlete? 'n Eerlike antwoord sal gekry kan word deur na twee plekke te gaan kyk.

Vergelyk die kerk en die gimnasium se bywoning statistieke. Januarie is die gim en die kerk vol en moet jy vroeg gaan om plek te kry. Teen September het die getalle al beduidend getaan. Wat wil ons mekaar dan toewens?

Agter die oregte goeie wense wat ons mekaar toebedeel, is daar 'n positiewe gesindheid. Ons wil mekaar die beste toewens en maak dan van 'n stomp opgebruikte reklame instrument gebruik.

Ons voel ongemaklik en die tyd is nie altyd genoeg om te sê wat ons alles bedoel nie. Ons wil stel dat ons omgee, dat ons wens is dat die kwade uit ons geliefdes se lewens sal bly en vele meer.

Ons diepste wens is dat die mense van ons hart 'n pad sal loop saam met God.

Dit is my hartswens vir al die lezers van Koersvas en Die Skietlood. Dit is dieselfde wens wat ek my familie, vriende en gemeente toewens.

In hierdie woestyn van die lewe, reis saam met God. In die versengende hitte van werksdruk en in die koele oasis-lafenis van rus tydens naweke en vakansies, reis saam met God.

Mag u lewe 'n reis wees met 'n wolkkolom by dag en 'n vuurkolom by nag wat u lewe en denke rig en sin gee. Onder Sy beskerming kan ons oral met oorgawe die lewe koester.

Johan Otto

BERIGTE

- Rustenburg gemeente het op Sondag 10 Januarie 2016 ds Dirk en Carmen van Rooyen by hulle ontvang. Baie geluk aan die gemeente en die nuwe pastoriepaar. Seën word u toegebid op die pad wat voorlê.
- Ds Johan van Wyk het op semi-aftrede gegaan en sal sy aandag verdeel tussen gemeentes Wes-Rand en Rustenburg. Ds Johan en Alida van Wyk word dan ook 17 Januarie 2016 om 12:00 by Wes-Rand bevestig.
- Tydens die beroepsvergadering van Meyerspark op 11 Januarie 2016 is ds Frans Marais van Grootvlei beroep.
- Die Kuratorium het laat weet dat hulle met spyt moet aankondig dat JP (Johan) van Greunen se akkreditasie terug getrek is.
- Daar is ernstige behoefte aan kort termyn hulp vir Vaalwater gemeente. Gemeentes wat 'n bedrag kan afstaan

om te help met preekvergoeding kan die geld in die Bond se rekening inbetaal en ons kassier ouderling Tom Greeff in kennis stel. (tomcases@lantic.net). Ons is oortuig R5 000 sal 'n goeie begin wees. Baie dankie dat ons op u steun kan staatmaak.

- Lesers word versoek om kennis te neem van die skrywe ontvang vanaf die APA. Die brief is onderaan hierdie Koersvas ingevoeg.
- Jongmense wat wil kwalifiseer as predikante moet as 'n saak van dringendheid by die Kuratorium aansoek doen om as studente geakkrediteer te word. Op hierdie stadium is daar heelwat predikante in die Bond wat ouer as 55 is. Teen die tyd dat hulle moet aftree, sal die nuwe predikante reg wees om te begin werk.

KENNISGEWINGS

Advertisings

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasilitate by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

•Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk
- Konsistorie R22-35 elk

ella@teamworkprinters.com



DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC

Registrasienommer: 2002/031756/08

By die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat tersiêre onderwysinstelling
geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997

Registrasiesertifikaat Nr. 1999/HE08/001

Farendenstraat 430
SUNNYSIDE
0002

Tel.: (012) 344-3960/1/2
Faks: (012) 344-5480
E-pos: info@apa.ac.za
www.apa.ac.za

Posbus 11488
HATFIELD
0028

6 Januarie 2016

Geagte leraars en voorsitters van kerkrade

AP AKADEMIE – HERAKKREDITASIE

Inleidend

Die AP Akademie is tans besig met 'n herakkreditasieproses van die kwalifikasies wat by die Akademie aangebied word. Dit is 'n sikliese proses wat beteken dat dit elke paar jaar gedoen moet word by alle instellings wat hoër onderwys gee. Ons vorige proses het in 2009 plaasgevind. Ons moes weer in 2014 akkrediteer en dit het oorgestaan vir 'n kampusbesoek deur die Onderwysowerhede tot Maart 2015. In November 2015 het ons die skrywe ontvang dat daar sekere sake is waaraan aandag gegee moet word en dat die akkreditasie uitgestel word na 2016/2017.

Misverstand

Die nuus hieroor het ongelukkig tot misverstand aanleiding gegee, aangesien ons hier by die Akademie navrae ontvang het oor ons registrasie en een het selfs gesê dat hy gehoor het ons "lisensie verloor". Iemand anders het gevra of "ons nog kan aangaan"? Dit is jammer dat hierdie soort van berigte en gerugte oor die AP Akademie na buite versprei word, want u sal verstaan dat dit, veral aan die begin van 'n nuwe akademiese jaar, vir ons groot skade ten opsigte van inskrywings teweeg kan bring.

Feite

Die feitlike situasie is dat die AP Akademie steeds 'n geregistreerde instelling is met magtiging om met die programme wat geakkrediteer is, voort te gaan. Geen program is opgeskort nie. Die uitstel van die herakkreditasie beteken dat daar sekere sake in of ten opsigte van die programme is, waaraan gewerk moet word volgens vereistes van die Onderwysowerheid. Dit gaan hoofsaaklik oor die verskille wat tussen die Pretoria en Germiston kampusse bestaan. Daaroor moet daar bepaalde besluite geneem en voorleggings aan die Raad op Hoër Onderwys gemaak word.

Verder kan ons net bevestig dat die Raad op Hoër onderwys ook nie net 'n instelling kan "sluit" nie. Daar is ingeskreve studente wat in ag geneem moet word en indien die Raad op Hoër onderwys sou besluit om die APA "toe te maak", gee hulle gewoonlik 'n paar jaar sodat studente eers deurgesien kan word.

Vir die AP Akademie is dit dus spreekwoordelik besigheid soos gewoonlik. Dit kan nie ontken word nie dat dit moeilik is om aan alle vereistes van die Onderwysowerhede uitvoering te gee en dat hulle werklik hoë vereistes stel, maar die AP Akademie probeer deurgaans so ver as moontlik sy samewerking te gee.

2016


Ons is steeds besig om weer die Nagraadse Onderwyssertifikaat voor te berei om teen die einde van Januarie 2016 in te dien.

Ons wag steeds inskrywings in vir hierdie jaar tot en met Maandag 25 Januarie. Ons wil u dus vriendelik versoek om asseblief die APA weereens bekend te stel in u gemeente tot en met Sondag 24 Januarie.

Te midde van die toenemende chaos by staatsinstellings en probleme wat daar ondervind word, bly privaat tersiêre onderrig steeds die antwoord en oplossing vir ons mense.

Moedig dus asseblief matrikulante en ander lidmate aan om so spoedig moontlik met ons in verbinding te tree of verwys hulle asseblief na die webblad van die APA.

Met dank by voorbaat.



Prof. S.D. (Danny) Nel - Registrateur

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING** by 018 381 1494.